# KOMMENTAAR OOR DIE STAD KAAPSTAD SE BYGEWERKTE BELEID OOR BYDRAES 2026

Die Stad se eenheid vir tegniese vennootskappe (TPU) is tans besig met die bywerking van die beleid oor bydraes aan die Stad Kaapstad (beleidnommer 41636) wat oorspronklik in 2015 opgestel is.

**Meer oor die konsepbeleid**

Die Stad Kaapstad is besig om die beleid oor bydraes, wat in 2015 goedgekeur is, te hersien en by te werk. Die hersiene beleid verskaf 'n duidelike raamwerk vir hoe die Stad bydraes vanaf eksterne partye ontvang, evalueer en bestuur. Dit sluit tegniese bystand, toelaes en skenkings in. Aktiwiteite wat buite die omvang van die beleid val, soos borgskappe en nuwe inisiatiewe, word ook uiteengesit. Die bygewerkte beleid stem ooreen met huidige wetgewing, vereistes vir regeringsbestuur en die Stad se prosedures.

Hierdie hersiening word gedoen omdat die bestaande beleid nie meer die kompleksiteit van bydraes wat deur die Stad ontvang word, weerspieël nie. Nuwe prosesse is oor die afgelope dekade bekendgestel, wat teenstrydighede tussen die beleid en onderliggende prosedures skep. Die bygewerkte beleid vereenvoudig prosesse, verbeter deursigtigheid, versterk regeringsbestuur en maak dit makliker vir Stadsamptenare, inwoners, besighede en ontwikkelingsvennote om die bestuur van bydraes te verstaan.

**Waarom word die beleid bygewerk?**

Die beleid word bygewerk om:

1. met huidige wetgewing, vereistes vir regeringsbestuur en die Stad se prosedures ooreen te stem.
2. die nuwe standaardbedryfsprosedures en riglyne wat sedert die opstel van die oorspronklike beleid ontwikkel is, te weerspieël.
3. teenstrydighede en verouderde bepalings uit die 2015-beleid te verwyder.
4. deursigtigheid, doeltreffendheid, risikobestuur en gladde sakeverloop te verbeter.
5. duideliker riglyne aan Stadsamptenare en eksterne belanghebbendes te verskaf.

**Verwagte uitkomste**

Die hersiene beleid bied 'n eenvoudiger, duideliker en meer konsekwente raamwerk vir die bestuur van bydraes aan die Stad. Die beleid sal na verwagting administratiewe vertragings verminder, voldoening versterk, wetlike en finansiële risiko's minimaliseer, en samewerking tussen die Stad en organisasies wat munisipale programme en projekte wil ondersteun, verbeter.

**Die hersiene beleid gee 'n duidelike uiteensetting van:**

- wat 'n bydrae behels;
- watter aktiwiteite buite die omvang van die beleid val;
- hoe bydraes versoek, geëvalueer en aanvaar kan word;
- hoe bydraes met die Stad se prioriteite en wetgewing ooreen moet stem; en
- waar verdere leiding deur middel van onderliggende prosedures en riglyne beskikbaar is.

**Sê jou sê**

Interne konsultasie met verskeie lynfunksies van die Stad het gehelp om hierdie konsepbeleid op te stel en te verbeter. Dit is nou jou kans om jou sê te sê.

Kry hier: http://www.capetown.gov.za/haveyoursay en by openbare biblioteke toegang tot die dokument.
Kommentaartydperk: 11 Augustus 2026 tot 11 September 2026
Dien jou kommentaar per e-pos in by: Technical.Partnerships@capetown.gov.za of aanlyn: http://www.capetown.gov.za/haveyoursay
Algemene navrae kan per e-pos gerig word aan: Technical.Partnerships@capetown.gov.za

Persone wat nie kan lees of skryf nie, persone met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie in staat is om skriftelike kommentaar in te dien nie, sal hulp ontvang om hul insette of kommentaar neer te skryf en aan die munisipaliteit voor te lê. Kontak Anthea Bendie by 021 400 1450 of Anthea.Bendie@capetown.gov.za of Technical.Partnerships@capetown.gov.za

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA156/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.